**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 26 MAART 2023**

# VYFDE SONDAG VAN LYDENSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***VGK Koelenhof***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Psalm 31:9-16; Jesaja 50:4-9a; Psalm 118:1-4,27; Filippense 2:5-11; Matteus 21:1-11; 26:14–27:66**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 26 MAART** | |
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Gemeentebediening (Gemeentebegeleiding)<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| 18:00 | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 27 MAART** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 28 MAART** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 29 MAART** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 30 MAART** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Oefeninge<br>Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-Vd Walt, Sybil Smit, Dotjie Steyn, Maranda vd Merwe, Etetia Conradie |
| **VRYDAG, 31 MAART** | |
| | **SKOLE SLUIT** |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |

| SATERDAG, 1 APRIL |
|---|
| |
| **SONDAG, 2 APRIL** |
| SESDE LYDENSWEEK<br>DAG VAN DANKSEGGING EN VEROOTMOEDIGING<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Doop<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |

# GEMEENTENUUS

1. Imke Steyn, dogtertjie van Pierre en Yolanda (Oorbietjiestraat), het geval en haar been gebreek.
2. Wena Groenewald (Othello) is oorlede. Haar diens word op 30 Maart in Othello gehou.
3. Johan Loubser (Klaradyn) se suster is oorlede.
4. Maartin Oliver en Marieta Loubser het die afgelope Saterdag in die huwelik getree.
5. Japie du Plooy (Waterbessiestraat) het 'n pasaangeër ontvang. Onder omstandighede gaan dit goed met hom. Hy sterk tans aan by die huis.
6. Kallie Kaltwasser (Koistraat) het die week 'n operasie ondergaan.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lizette Wilson is vanoggend ons orrelis.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Gemeentebegeleiding**

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding is die fasiliteerders van die NG Kerk in SA. Die diensgroep word gevra om te kom help as kerkrade en predikante begeleiding nodig het met 'n verskeidenheid van situasies. Meestal is dit vanuit 'n probleem gebore, maar soms is daar ook pro-aktiewe prosesse wat gemeentes help om nuut te dink oor hulle bediening. In 'n tydsgees van individualisme en sekularisasie moet gemeentes anders dink oor hulle aanbod in die dorp of buurt of voorstad. Die diensgroep begelei gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die diengroep lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes help om hierdie ontdekkings van hulle roeping te maak. Die diensgroep finansier die begeleiers sodat dit nie 'n las op die gemeente is wat begelei wil word nie. Die deuroffer help die diensgroep om dit te kan doen.

Ds André Agenbag | agenbag1@sun.ac.za | 021 808 9051 Me Mathilda du Pisanie | mdup@sun.ac.za | 021 808 3265 Webwerf: https://communitas.co.za

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

26/03 Alae Rootman, Junita Neethling, Christelle Smit, Sonia Lourens, Drienie Coetzee
27/03 Alex Nell, Rossouw Swart, Adriaan Groenewald, Lidene Truter, Angie de Koker, Hester Wentzel
28/03 Hetta Hitchinson(81), Martie Nel, Lian Orffer, Johan Allers, Bernard Thiart, Madelein van Huyssteen, Hunter Kennedy, Christine Maas(94), Petrus Burger(81), Paul Fourie
29/03 Daphné Jordaan, Francis Hakkenbroek, Alida Eitner, Marné Kotzé, Hettie Lombaard(84)
30/03 John Haynes, Stanley Hill, Riana van Niekerk, Willem Oosthuizen, Noah Williamson, Danielda Verster, Alecxia Steyn
31/03 Stadler Conradie, Marieta Loubser, Johan Bean
01/04 Esmarié Vermaak, Hein Jonas




# AKSIE SAMARITAAN

**Paasfees 2023**

Geloofsvriende, Aksie Samaritaan benodig nog skenkings van die volgende items om Jesus se liefde ook hierdie Paasfees tasbaar te maak vir die haweloses.

*100 koekies seep
*100 effekleur waslappe
*20 pakke "hot cross buns"
*5 blikkies karamel kondensm
*10 pakkies "speckled eggs"
*20x6 pak sjokolade melkies (steri stumpies)
*5 bokse (van 48 elk) "marshmallow" paaseiers
*20x6 pak 330ml coke of soortgelyk blikkies of botteltjies koeldrank

Kontak Jakkie by 0824533862 indien jy verkies om 'n kontant bydrae te maak en Aksie Samaritaan se bankbesonderhede benodig.

Dankie dat ons met vrymoedigheid mag vra. Mag God u ryklik seën!



# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Ons het dikwels in die verlede gehoor hoedat die Here op vele vlakke in De Eike voorsien het. Ons kan getuig dat dit nou weer gebeur het in ons soeke na konvenors vir die verskillende "tafels" van die basaar. Ons wil graag die goeie nuus met die gemeente deel. Die volgende lidmate het hulself aangebied om konvenors te wees: Francois Cillié(Veiling), Erna Carstens(Groente), Estelle le Roux(Kindervermaak), Hein en Heidi Jonas(Boepensbroodjies) en Petro Thom(Kerrie en Rys). Ons het nou konvenors vir al ons tafels! Baie dankie weereens vir elkeen van bogenoemde persone dat jy die Here gehoorsaam het. Baie dankie ook aan die res van die konvenors wat elke jaar bereid is om jul "tafel" te neem! Ons is die Here innig dankbaar. Hy het weereens bewys Hy is die getroue God op wie ons kan vertrou!

Johan Morkel
083 398 8345

# TWEEDEHANDSE BOEKE

Sal almal wat gedurende die afgelope jaar boeke by die kerk se biblioteek uitgeneem het, dit asb by die kerkkantoor kom afgee. Enige ander boeke of tydskrifte wat ons ook tydens die basaar kan verkoop, sal welkom wees.




Baie dankie

Sarie de Milander

084 209 7844

# MATERIAAL

Ek maak laslap kwilts en benodig baie lappies van polikatoen en katoen materiaal. Enige grote tot so klein as 10 x 10cm asb.



Gee dit asb by die kerkkantoor af of kontak my.

Baie dankie

Christine Myburgh
0828244421

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

- Tydens die kerkraadsvergadering van 15 Maart 2023 is die volgende lidmaat gekies tot die kerkraad:
  Erediensspanleier – Gerida Grobler

- Die volgende verandering tree die 2de kwartaal inwerking.
  1. Die tyd vir senior kategese: Na ‘n paar jaar waarin ons Sondagaande kategese gehou het, keer De Eike terug na die gebruik om senior kategese direk na die oggenddiens aan te bied. Daar sal dus nou (voorlopig) geen aandbyeenkoms wees nie. Om dit makliker te maak vir ouers wat wag, word die tee-bediening ‘n weeklikse instelling, en sal dit ook geriefliker ingerig word as in die verlede.

  2. Eredienstye sal voortaan nie meer wissel na gelang van seisoene nie, maar eredienste sal dwardeur die jaar om 09:00 begin.

  3. Die kerkraad besef dat ons effe oorhaastig reageer het op die verkeersituasie in Amandelrylaan in die oggend, en daarom sal ons kerkkantoor weer soggens van 08:00 op hulle pos wees.

# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Moeder Theresa het gesê: *Dis nie 'n Christen se plig om jammer te wees vir iemand in nood nie, maar om te help, wel.* Sy het ook gesê: *Ek kan nie alles doen nie, maar ek kan iets doen.*

**Wat nou nodig is:**
*Tee*
*Melk/Cremora (250g-pakkies)*
*Soppoeiers*
*Soya*
*Tuna*
*Konfyt*

**Baie dankie** dat jy so getrou help en iets doen om iemand se nood te verlig!

*Groetnis*

# PREEKSKETS

**KINDERDIENS/GESINSDIENS**



VGK Koelenhof se kinders besoek De Eike vanoggend.

**PREEKSKETS**

**Tema : Hoe lyk ons geloof-voetspoor? Ons bedieninge moet voete kry.**

**Skriflesing**

Jakobus 2:17

Dis duidelik: Om net te sê jy glo, is nie genoeg nie. Geloof wat nie dade word nie, is eintlik glad nie geloof nie – sulke geloof is dood en help niks." – Jakobus 2:17 (NLV)